

## Grondslae en oogmerke van die publiekregtelike regulering van stedelike verblyf

### Opsomming

In hierdie bydrae word eerstens 'n oorsig gegee van die historiese omstandighede wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die moderne staat, gevolg deur 'n verduideliking van twee belangrike voorfases in die totstandkoming van die regstaat. Die publiekregtelike aard van die staat en die doelstellings wat die staat kan nastreef word toegelig en ook in verband gebring met die funksie van die staat om verblyfreëlings in moderne komplekse samelewings te reguleer in ooreenstemming met die publiekregtelike roeping van die staat om 'n regverdige belangeafweging te bewerkstellig. Hierdie problematiek word ten slotte binne die konteks van die nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika aangespreek.

**Sleutelwoorde:** Regstaat, publiekregtelike regulering, grondwet, Suid-Afrika.

## FOUNDATION AND AIMS OF THE PUBLIC LAW REGULATION OF URBAN RESIDENCE

### Abstract

This contribution starts with an overview of the historical circumstances that led to the establishment of the modern state, followed by an explanation of two initial phases in the development of the constitutional state. The public law nature of the state and the aims the state is entitled to pursue are explained in relation to the function of the state to regulate residence in modern complex societies in accordance with the public law calling of the state to bring about a just balance of interests. These issues are finally addressed within the context of South Africa's new constitutional dispensation.

**Keywords:** Constitutional state, public law regulation, constitution, South Africa.

<sup>1</sup> B Iuris LLB LLM (UOFS) LLD (UNISA). Professor, Faculty of Law, University of the Orange Free State, Bloemfontein, South Africa.

## Inleiding

**M**oderne samelewings is komplekse samelewings wat gekenmerk word deur 'n toenemende differensiasie in menslike ondernemingsvorme en behoeftes. Hierdie verloop van die mensdom se verhaal gaan gepaard met 'n verdigting van staatlke maatreëls wat oënskynlik geen faset van die menslike bestaan vry van regulatiewe voorskrifte laat nie. Die bekende Duitse filosoof, Jürgen Habermas, het tereg na hierdie verskynsel as die juridifisering van ons lewenswêreld verwys.<sup>1</sup> In 'n kritiese toon word ook dikwels na die moderne samelewing as 'n geadministreerde samelewing en na die moderne staat as 'n administratiewe bewakingstaat verwys.

Dat menslike verblyf in ons verstedelike samelewing nie aan die greep van die staat se regulatiewe funksie kan ontkom nie, volg byna as 'n noodwendigheid in die lig van die toenemende modernisering, uitbreiding van ekonomiese aktiwiteit en bevolkingsgroei wat in alle samelewings in 'n mindere of meerdere mate aan die orde van die dag is. In die ontwikkelende wêreld waar moderne en voor-moderne gemeenskappe, formele en informele nedersettings en hulle onderskeie ekonomiese bedrywe op harmonieuse wyse van 'n gekoördineerde saambestaan verseker moet word, oorstyg die probleme dikwels die antwoorde. Voorbeelde van mislukte staatlke ingrepe is wyd bekend en gevalle van staatlke kapitulasie in die aangesig van alternatiewe, self-regulerende insiatiewe is nie vreemd nie en in sekere gevalle waarskynlik ook nie ongewens nie.<sup>2</sup>

Hierdie verskynsels behoeft 'n eiesoortige ondersoek en val buite die raamwerk van hierdie bydrae wat, indien die versoek van die redaksie korrek verstaan is, die oorsprong en aard van verblyfregulering deur die staat aan die orde moet stel. Hierdie problematiek staan uiteraard nie los van die algemene juridiese plig wat op die staat rus om die publieke regsorde in stand te hou op die basis van die staat se geroepenheid om die verseidenheid van regsbelange te integreer nie, dit wil sê te versoen, in ooreenstemming met die eis van geregtigheid wat 'n billike afweging van belange veronderstel. Wat in hierdie verband aan die orde

- 1 J Habermas. *Theorie des Kommunikativen Handelns*. Bd 1 (1981: 524). "Der Ausdruck 'Verrechtlichung' bezieht sich ganz allgemein auf die in modernen Gesellschaften zu beobachtende Tendenz der Vermehrung des geschriebenen Rechts. Dabei können wir die Ausdehnung des Rechts, also die rechtliche Normierung neuer, bisher informell geregelter sozialer Sachverhalte, von der Verdichtung des Rechts, der spezialistischen Auflösung von globalen Rechtsstatbeständen in weiteren Einzelfatbestände unterscheiden".
- 2 Vgl by die werk van H de Soto: *The Other Path: The Invisible Revolution in the Third World* (1989).

kom, is niks minder as die onderskeidende kenmerk van die regstaat self nie, en daarom is dit ook gepas om die bespreking wat volg daarmee in te lei.

### **Die opkoms van die moderne regstaat**

Die gunstige omstandighede vir die opkoms van die moderne staat het beslag gekry met die aftakeling van die middeleeuse wêreldbeskouing teen ongeveer die vyftiende eeu en die aanbreek van die nuwe tyd bekend as die Verligting. In hierdie proses van grondliggende verandering op alle lewensterreine sou feudale heerskappyverbande gaandeweg plek maak vir 'n ander heerskappyvorm gekenmerk deur 'n sentralisering van gesag, groeiende burokrasie en 'n owerheid wat die eksklusiewe bevoegdheid verkry het om wette vir die inwoners van 'n afgebakende territorium te maak. Hierdie ontwikkeling het beslag gegee aan die formele kenmerke van die moderne staat wat voortaan as *res publica*, 'n publieke saak, sou bekend staan en wat van die feudale samelewing se heerskappyvorme daarin onderskei is dat die territorium en alles wat daarop aangetref is, nie meer tot die privaatvermoë van die heerser, wat dit na willekeur kon vervreem, gereken is nie. Die nuwe owerheidsinstelling het nou die taak gehad om in almal se belang te regeer en om die staat vir daardie doel in stand te hou en te beskerm.<sup>1</sup>

Hierdie ontwikkeling is verder aangehelp deur die adel se verlies aan betekenis, die resepsie van die Romeinse reg en die groeiende belang daarvan teenoor die kanonieke reg van die Rooms Katolieke Kerk en die staat se toenemende betrokkenheid by die lewens van sy burgers weens die vooruitgang op tegniese en ekonomiese gebied. 'n Ontbrekende besef van enige substantiewe juridiese begrensing op die gesag van die owerheid onder invloed van die staatsowereiniteitsleer van veral Machiavelli en Bodin sou egter daartoe lei dat die eerste fase van hierdie ontwikkeling die weg gebaan het vir 'n opvatting wat alle lewensterreine vir die staat sou opeis. Hierdeur is die idee van 'n skeiding tussen staatlke en nie-staatlke lewensfere ondergrawe en die algemene of publieke belang eenvoudig met staatsbelang gelykgestel.<sup>2</sup>

Eers in die agtiende eeu sou met 'n kragtige poging onder invloed van die humanistiese regstaatsidee vorendag gekom word om 'n einde te probeer maak aan die staatsabsolutistiese tradisie. Instrumenteel in hierdie poging was die werk van die

1 Sien JPA Mekkes *Proeve Eener Critische Beschouwing van de Ontwikkeling der Humanistische Rechtsstaatstheorieën* (1946) 108 ev.

2 Ibid 110 ev.

Engelse regsgeleerde John Locke en sy geesgenoot, die Franse filosoof Jean Jacques Rossouw, wat met die gedagte van 'n sosiale kontrak vorendag gekom het om die aangebore en onvervreembare regte van die mens, wat in hierdie tyd aan prominensie begin wen het, teen staatlke vergrype te verskans.<sup>1</sup> Hiervolgens word die reg gesien as 'n doel van die staat en die reg verskraal tot dit wat as waarborge vir die individuele regte van die mens in aanmerking kon kom. In die verloop van hierdie wending het individuele regte 'n verabsoluteerde gedaante aangeneem en kenmerkend van die klassiek-liberale regstaats-idee geword. Die staatsmag het bloot 'n individualistiese doel gehad met die gevolg dat van 'n ware regsgemeenskap waarin ook die publieke (algemene) belang (in onderskeiding van staatsbelang) tot sy reg moes kom, nie sprake kon wees nie.<sup>2</sup>

'n Belangrike faset van Locke se opvatting was die mate waarin hy die grondslag van die mens se subjektiewe regte in eien-dom gesien het. Elke mens, volgens Locke, het 'n reg op beskerming van sy eiendom as bron van voeding en lafenis en daarom word die sosiale kontrak tussen individue aangegaan deur middel waarvan die staatsowerheid die opdrag verkry om elke persoon se eiendom te beskerm. In hierdie konstruksie lê die be-gronding vir 'n staatsvrye sfeer wat aan die kragte van die vrye mark oorgelaat moet word volgens die voorstanders van die klassiek-liberale kapitalisme. Intussen het die eksploteerpotensi-aal van hierdie praktyk en die ekonomiese onreg wat dit in die hand kan werk, juis weer die vraag laat ontstaan na die rol van die staat ook in die privaatregtelike kant van die mens se be-staan in die staatlke samelewing.

### **Die juridiese integrering van regsbelange**

Wat in bovermelde opvattinge en vele ander nie voldoende ver-reken word nie, is dat onderskei moet word tussen die aard van die staat en staatsdoeleindes.<sup>3</sup> Deur die staat te probeer ver-klar met verwysing na die doeleindes wat die staat van tyd tot tyd en ooreenkomstig wisselende omstandighede nastreef, ver-ky die staat self 'n wisselende aard met die gevolg dat daar geen interne, dit wil sê aan die staat se eie-aard georiënteerde, begrening op die gesag van die staat gestel kan word nie. Elke

1 Sien hieroor H Sabine en TL Thorson. *A History of Political Theory*. 4 de uitg (1973) 483 ev; 529 ev; Mekkes op cit 229.

2 Vgl HJ van Eikema Hommes. *Hoofdllyne van de Geschiedenis der Rechtsfilosofie* (1972) 111 ev.

3 Vgl HJ van Eikema Hommes. *De Wijsgerige Grondslagen van de Rechts-sociologie* (1986) 156 ev.

wisselende, tydsbepaalde oogmerk is tegelyk die hoogste reg van die staat.

Ten einde hierdie aspek verder toe te lig, moet die toenemende differensiëring en individualisering wat die kultuur-historiese verloop van die menslike samelewing ondergaan, nie los gesien word van sy teenpool nie, naamlik 'n toenemende integrasie van regsbelange wat gerig is op die skepping van eenheid met behoud van die veelheid. Sonder hierdie teenpool sou die proses van individualisering en differensiëring die gevaar inhou dat 'n belangeharmonie uitgelewer word aan die eksesse van eie-belang – 'n toestand wat die ekonomies en politieke magtige groeperinge in die samelewing 'n vrypas sou bied ten koste van riskante groeperinge se regte en belange.

Die onderskeidende kenmerk van die staat is dat dit 'n integreerende publieke regsorde is wat alle – ook nie-staatlike – belange en lewensvorme tot 'n eksterne, publiekregtelike eenheid saambind. Die oogmerk is om harmonie in belange en behoeftes te verseker en om te verhoed dat geen lewensvorm of instelling belange op 'n eksessiewe wyse bevorder en handhaaf nie. So kan die staat in algemene belang standaardvoorskrifte verorden ten opsigte van bouregulasies, sanitasie, elektrisiteits- en watervoorsiening, woonbuurt- en industriële ontwikkeling, maar sou juis sy kompetensie oorskry indien dit sou poog om aan eienaars van wooneenhede voor te skryf hoe die interne argitektoniese versiering en estetiese inrigting van sulke eenhede moet lyk. Insgelyks sou inwoners tereg beswaar kon aanteken indien 'n eienaar sy eiendom op so 'n wyse aanwend dat dit die algemene higiëne wat in stedelike gebiede gehandhaaf moet word ondermyn, of indien strukture 'n gevaar vir medebewoners sou inhou.

Omdat die staatsowerheid die publieke regsorde oor die ganse staatsterritorium en ten opsigte van alle aktiwiteite moet handhaaf, maak dit gevolglik nie sin om soos die klassiek-liberale teorie aan te voer dat, byvoorbeeld, die ekonomiese aktiwiteite van die mens aan staatlake regulering onttrokke is of behoort te wees nie, maar aan selfregulering oorgelaat moet word. Verder bring die publieke integreringsfunksie van die staatsowerheid mee dat die keuse van staatsdoeleindes en die wyse waarop dit gerealiseer word, steeds onderworpe bly aan die idee van 'n harmonieuse publieke regsgemeenskap van owerheid en staatsburgers. Dit geld vir die primêre staatsdoeleindes – die inrigting van 'n wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag en die beskerming van menseregte in die politieke, ekonomiese en private lewe – sowel as vir die sekondêre staatsdoeleindes – gesondheidsorg, huisvesting, opvoeding, ondersteuning van kul-

## Strydom / Publiekregtelike regulering van stedelike verblyf

turele aangeleenthede – wat deur praktiese politiek en tydsbepaalde behoeftes bepaal word.<sup>1</sup>

Dit spreek vanself dat die toenemende differensiering en individualisering van die samelewing, aangehelp deur ekonomiese bedrywighede, wetenskaplike ontdekkings en tegnologiese uitvindings, verandering kan bring in die wyse waarop die staatsowerheid staatsdoeleindes identifiseer en by wyse van owerheidsregulering implementeer. Gevolglik is hierdie 'n aangeleentheid van voortdurende evaluering en in die slotopmerking word weer hierop gewys.

### Die impak van die Suid-Afrikaanse grondwet

Die nuwe konstitusionele bedeling wat deur die Interim Grondwet (1993)<sup>2</sup> ingelei is en deur die Finale Grondwet (1996)<sup>3</sup> bekragtig is, het die volgende kenmerke:

- ◊ Die vorige stelsel van parlementêre soewereiniteit is vervang met die oppergesag van die Grondwet. Dit bring mee dat alle staatlike voorskrifte en beleid, sowel as besluite van amptenare, aan die grondwetlike voorskrifte moet voldoen. In plaas van die parlement is die Grondwet (dws die reg) nou soewerein. Vandaar die verwysing na die huidige Suid-Afrikaanse Republiek as 'n konstitusionele regstaat<sup>4</sup>.
- ◊ Die toetsingsreg van die howe is ingrypend verander. Onder die stelsel van parlementêre soewereiniteit was die howe slegs by magte om na te gaan of die wetgewer die formele prosedurele voorskrifte vir die aanname van wetgewende maatreëls nagekom het. Die inhoud van sulke maatreëls, dws of dit billik of onbillik was, kon nie deur die howe getoets word nie. Tans het die howe jurisdiksie om na te gaan of die inhoud van staatlike voorskrifte voldoen aan die waardes en beginsels vervat in die Grondwet<sup>5</sup> en die belangrikste verwysingspunt in die verband is Hoofstuk 2 van die Grondwet wat die menseregtevoorskrifte vervat.
- ◊ Die Grondwet gee uitdrukking aan die belange-afwegingsfunksie van die regstaat. Dit bring mee dat geen reg absoluut is nie en gevolglik deur staatlike voorskrifte ingeperk kan word. Staatlike inperking is egter nie arbitrêr nie en moet die toets van artikel 36 kan deurstaan. Hiervolgens is die vraag of

---

1 Ibid 157.

2 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993.

3 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996.

4 Vgl bv arts 1 en 2 van die 1996 Grondwet.

5 Sien bv Hfs 8 van die 1996 Grondwet.

die beperking op regte redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Faktore wat by die beantwoording van die vraag in ag geneem kan word, sluit in die aard van die reg wat beperk word, die belangrikheid van die beperking se oogmerk, die aard en omvang van die beperking, die verband tussen die beperking en die nagestreefde doel en of dieselfde doel op 'n minder beperkende wyse verweesenlik kan word.

Die belang van artikel 36 is dat dit 'n konstitusionele plig op die staat plaas om enige beperkende voorskrif aan die hand van die vermelde kriteria te regverdig. Dit gee dus aan die hof 'n definitiewe maatstaf aan die hand waarvan beperkende staatlke voorskrifte getoets kan word. Slaag die voorskrif nie die toets van artikel 36 nie, is die hof bevoeg om die voorskrif ongeldig te verklaar.

Die Grondwet kom ook op 'n ander wyse tot die hulp van 'n ontevrede burger. So verleen artikel 32 'n reg op inligting wat deur die staat of 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige reg benodig word. Verbandhoudend hiermee is die reg in artikel 33 op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is en indien 'n persoon nadelig deur administratiewe optrede geraak word, het so 'n persoon die reg op die verskaffing van skriftelike redes vir die administratiewe optrede. Die doel van hierdie voorskrifte is om deursigtigheid in besluitneming deur die staatsadministrasie te verseker en om 'n konstitusionele meganisme in die lewe te roep wat die ontevrede staatsburger die geleentheid bied om die regmatigheid van staatlke voorskrifte en besluite te toets. Op die wyse kan vasgestel word of staatsamptenare hulle nie dalk deur irrelevante en diskriminerende oorwegings laat lei in die neem van besluite nie.

Voor die nuwe grondwetlike bedeling was die gemeenregtelike posisie dat 'n persoon slegs 'n hof om hulp kon nader, indien aangetoon kon word dat die litigant 'n persoonlike of finansiële belang in die saak gehad het. Hierdie posisie is radikaal deur die Grondwet<sup>1</sup> verander deurdat ook persone met geen eie belang in 'n saak 'n hof kan nader om uitspraak te gee oor 'n beweerde skending of dreigende skending van regte nie. Dit sal byvoorbeeld moontlik wees waar 'n persoon namens iemand optree wat nie in staat is om dit self te doen nie, of namens of in belang van 'n groep of klas persone of in die openbare belang.

<sup>1</sup> Sien art 38 van die 1996 Grondwet.

## Strydom / Publiekregtelike regulering van stedelike verblyf

Omdat sake van verblyf en ontwikkeling grootliks binne die jurisdiksiegebied van plaaslike owerhede val, is dit wenslik om te let op die grondwetlike riglyne waaraan die oogmerke van plaaslike owerhede moet voldoen. Ingevolge artikel 152 van die Grondwet moet 'n plaaslike owerheid, met inagneming van sy finansiële en administratiewe vermoë, die volgende oogmerke nastreef:

- ◇ die voorsiening van demokratiese en verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe;
- ◇ die verskaffing van dienste op 'n volhoubare wyse;
- ◇ die bevordering van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling;
- ◇ die bevordering van 'n veilige en gesonde omgewing;
- ◇ die aanmoediging van die deelname deur plaaslike gemeenskappe aan plaaslike regeringsaangeleenthede.

Enkele aangeleenthede voortspruitend uit hierdie voorskrifte moet verder toegelig word. Die bevordering van 'n veilige en gesonde omgewing moet saamgelees word met artikel 24 van die Handves van Regte in Hoofstuk 2 van die Grondwet. Hiervolgens het elkeen die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir 'n persoon se gesondheid of welsyn is nie en op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom, bewaring bevorder en ekologiese volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker.<sup>1</sup>

Die grondwetlik voorgeskrewe oogmerk om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder, moet saamgelees word met artikel 153 van die Grondwet wat sekere ontwikkelingspligte aan plaaslike owerhede oplê. Hiervolgens is 'n plaaslike owerheid verplig om sy administrasie en sy begrotings- en beplanningprosesse so te struktureer en te bestuur dat voorrang verleen word aan die basiese behoeftes van die gemeenskap en dat die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap bevorder word. Gevolglik is 'n plaaslike owerheid ook verplig om aan nasionale en provinsiale ontwikkelingsprogramme deel te neem.

Die bepaling in artikel 152 waarna verwys is, staan in die konstitusionele reg as staatsdoelstellings bekend en is as objektiewe

1 Vgl ook C Loots "The Effect of the Constitution on Environmental Management" in *The South African Journal of Environmental Law and Policy* 2(1997) 223.



regsnorme bindend op die owerheidsinstelling wat jurisdiksie kragtens die Grondwet daarvoor verkry het.<sup>1</sup> In beginsel is dit gevolglik vir 'n hof moontlik om die owerheid te gelas om ooreenkomstig die doelstellings op te tree of wetgewing of beleidsbesluite wat in stryd daarmee is, nietig te verklaar. Aangesien staatsdoelstellings dikwels onspesifiek en wyd geformuleer word, is die juridiese kontrole daarvoor 'n praktiese probleem en is dit moeilik (maar nie onmoontlik nie) vir 'n hof om vas te stel of die betrokke owerheidsinstansie uitvoering daaraan gegee het, al dan nie. Om probleme van hierdie aard die hoof te bied, kan die nie-nakoming van 'n staatsdoeleinde gekoppel word aan die skending of potensiële skending van 'n fundamentele reg wat deur die Grondwet gewaarborg word. 'n Voorbeeld hiervan wat as analogie gebruik kan word, is die geval van die groep huiseienaars in Duitsland wat in 1981 by die Duitse Grondwethof beswaar aangeteken het teen lawaai wat deur 'n nabygeleë lughawe veroorsaak is en aangevoer het dat hulle reg op menswaardigheid en beskerming van liggaamlike integriteit ook 'n plig op die staat plaas om huiseienaars teen die nadelige gevolge van die lughawe se lawaai te beskerm. Hulle het ook beweer dat die maatreëls wat tot op daardie stadium bestaan het, ontoereikend was. Die hof het hulle gelyk gegee en beslis dat die wetgewer langs konstitusionele weë verplig kan word om maatreëls te tref of te verbeter, ten einde die beskerming te verskaf wat nodig is vir die handhawing van subjektiewe regte. Indien dus aangetoon kan word dat die nie-nakoming van 'n staatsdoeleinde 'n fundamentele reg skend, kan langs hierdie weg druk op die owerheid geplaas word om uitvoering aan die grondwetlik voorgeskrewe staatsdoeleindes te gee.

### Slotopmerking

Staatlike regulering van verblyf, stadsbeplanning en ontwikkeling van gemeenskaplike areas waarin die burger leef en werk, staan tans in die teken van 'n nuwe radikale politiek, naamlik die ekologiese beweging. Hierdie sogenaamde "groen" politiek het die afgelope dekade ook in Suid-Afrika aan prominensie gewen en alle tekens dui daarop dat dit toenemend 'n publieke tema en 'n integrale deel van die veelkantigheid van staatsbeleid en beplanning gaan word. Die nuwe grondwetlike bedeling en

---

1 Vgl hieroor E de Wet, *The Constitutional Enforceability of Economic and Social Rights* (1996) 30-32; 72-77; 85 ev.

daaropvolgende konsepbeleidsdokument<sup>1</sup> van die owerheid oor omgewing, verskaf reeds die buitelyne hiervoor.

Die implementering van 'n ekologies-vriendelike beleid as staatsdoelstelling in Suid-Afrika het vele hindernisse. Die meeste Suid-Afrikaanse stedelike ontwikkelings is estetiese en ekologiese katastrofes en eerder uitbeeldings van 'n allesoorheersende ekonomies-gedrewe besitskultuur, as wat dit dien as voorbeelde van 'n denkwysse wat ruimte laat vir 'n harmonieuse integrering van natuurlike omgewing en mensgemaakte lewenswêreld. Voeg hierby die groeiende sosiale probleme wat op die hakke van verstedeliking volg, asook die uitdaging om die ekonomiese ongelykhede uit te skakel binne die eise van volhoubare ontwikkeling en die prentjie word aansienlik donkerder vir 'n perspektief wat 'n regmatige plek vir omgewingsvraagstukke wil beding. Om van laasgenoemde weg te skram, is egter om ligsinnig-onderskillig oor ons eie toekoms en ons verantwoordelikheid teenoor latere generasies, te staan.

Groen politiek het dikwels 'n radikale beeld omdat dit vra na 'n fundamentele rigtingverandering in politiek en moraal. Die rehabilitasie van die verlore harmonieuse verhouding tussen mens en natuur vra immers dat ons huidige lewenstyle grondig hersien en die wysheid daarvan bevaagteken moet word. Voorstanders van 'n toekomstige ekologiese samelewing pleit gevolglik vir 'n herstel in die balans en integriteit van die biosfeer as 'n doel in sigself. In so 'n samelewing sal diversiteit tussen menslike groeperings en in die natuur bevorder word, wat veronderstel dat mag gedentraliseer word na plaaslike selfregerende gemeenskappe, gebaseer op sogenaamde klein tegnologieë wat bedryf word in ooreenstemming met 'n holistiese etiek. Of 'n mens hierdie meer radikale of 'n ander weergawe van groen politiek aanvaar of verwerp, die volgende samevatting van die Britse sosiooloog, Anthony Giddens<sup>2</sup> kan beswaarlik in die wind geslaan word:

“Ecological politics is a politics of loss – the loss of nature and the loss of tradition – but also a politics of recovery. We cant return to nature or to tradition, but, individually and as a collective humanity, we can seek to remoralize our lives in the context of a positive acceptance of manufactured uncertainty. Put in this way, it isn't difficult to see why the ecological crisis is so basic to the forms of political renewal discussed in this book. It is a material expression of the limits of modernity; repairing the damaged environ-

1 Sien “White Paper on Environmental Management Policy for South Africa” in *Staatskoerant* no 18164 van 28 Julie 1997.

2 A Giddens *Beyond Left and Right: The Future of Radical Politics* (1996) 227.

ment can no more be understood as an end in itself than can the redress of poverty."

## Bibliography

- DE SOTO, H. 1989. The other path: The invisible revolution in the Third World.
- DE WET, E. 1995. Die konstitusionele afwingbaarheid van sosiale en ekonomiese menseregte. Ongepubliseerde LL D-proefskrif, UOVS.
- DE WET, E. 1996. The constitutional enforceability of economic and social rights.
- GIDDENS, A. 1996. Beyond left and right. Polity Press.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. 200 van 1993.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. 108 van 1996.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Artikels 1 en 2 van 1996.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Artikel 38 van 1996.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Hoofstuk 8 van 1996.
- HABERMAS, J. 1981. Theorie des kommunikativen handelns. Bd 1.
- HOMMES VAN EIKEMA, H.J. 1972. Hoofdlijnen van de geschiedenis der rechtsfilosofie.
- HOMMES VAN EIKEMA, H.J. 1975. Hoofdlijnen der rechtssociologie en de materiële indelingen van publiek- en privaatrecht. Tjeenk Willink.
- HOMMES VAN EIKEMA, H.J. 1986. De wijsgerige grondslagen van de rechtssociologie.
- LOOTS, C. 1997. The effect of the constitution on environmental management. *The South African Journal of Environmental Law and Policy*, 2, p. 223.
- MEKKES, J.P.A. 1946. Proeve eener critische beschouwing van de ontwikkeling der humanistische rechtsstaattheorieën. Libertas.
- RAUTENBACH, I. & MALHERBE, E.F.J. 1996. Staatsreg. Butterworths.
- SABINE, H., THORSON, T.L. 1973. A history of political theory. 4de uitgawe.
- VON DER HEYDTE, F.A. 1952. Die Gburtstunde des souveränen Staates. Josef Habel.
- White Paper on Environmental Management Policy for South Africa, *Staatskoerant* no 18164, 28 Julie 1997.